# DIE SENDINGBELEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

D. Crafford[1]

Die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur die jare sterk beïnvloed deur die konteks. Die tradisionele vrees by die Afrikaner vir "gelykstelling" tussen wit en swart en die afkeer van rassevermenging het deur die jare 'n groot invloed op die formulering van die sendingbeleid gehad. Dit is maar eers in die afgelope paar jaar dat die kerk hom begin ontworstel het van die invloed van apartheidsdenke. Die volle konsekwensies daarvan sal egter nog neerslag moet vind in 'n nuwe formulering van die sendingbeleid. Dit is egter nie net die vinnig veranderende konteks in rasseverhoudinge wat die sendingbeleid beïnvloed nie. Die veranderende sendingsituasie verplig die kerk om sy sendingbeleid voortdurend aan te pas. Hoewel die huidige Sendingreglement eers in Oktober 1990 deur die kerk aanvaar is, het nuwe veranderinge in die sendingsituasie dit alreeds weer nodig gemaak om die reglement te hersien. Indien veranderinge aan die Algemene Sinode van 1998 voorgelê moet word, moet daar reeds nou begin word met 'n proses van hersiening van die reglement. Dit is egter nie net die konteks wat die sendingbeleid bepaal nie, maar ook die teologiese beginsels wat agter die kerk se definisie van sending lê. Die verskuiwings in teologiese denke kan dus ook die kerk verplig om sy sendingbeleid weer in oënskou te neem. Die hersiening van die sendingbeleid sal dus moet begin by 'n herevaluering van die sendingdefinisie van die kerk. Daarna sal bepaal moet word of die veranderde beskouinge oor apartheid voldoende in die reglement verdiskonteer is. Ten slotte sal ons moet nagaan hoedat 'n veranderde sendingsituasie die hersiening van die reglement sal beïnvloed.

1 Prof. D. Crafford, Hoof Dept Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie Afd B, Universiteit van Pretoria.

# 1. Die Sendingdefinisie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die huidige definisie en teologiese uitgangspunte in die sendingreglement lui soos volg:

## 1. Definisie en uitgangspunt

1.1 Sending is die handeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader. Deur dié gemeente

1. laat God tot by die voleinding sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig.

2. bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand en

3. laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer. So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

1.2 Daarom aanvaar die Ned Géref Kerk dit as die sin en bestemming van sy bestaan om deur God gebruik te word in sy handeling met die mens en die wêreld.

1.3 Gelowiges uit elke taal en nasie wat sodoende vergader word, vorm met al die gelowiges 'n eenheid in die ware geloof in Christus.

1.4 Dit is in die eerste instansie die roeping van elke lidmaat en van die plaaslike kerkraad om diensbaar in die hand van God te wees vir die uitvoering van die sendingtaak. Dit behels die verkondiging van die evangelie aan nie-gekerstende mense.

1.5 Waar omstandighede dit vereis, onderneem gemeentes ook in kerkverband van ring en sinode sendingwerk.

1.6 Waar binne een geografiese gebied meer as een Ned Geref Kerkverband bestaan, word sendingwerk in oorleg en samewerking met mekaar gedoen.

Die definisie gaan uit van die Missio Dei aan die een kant en die missiones ecclesiae aan die ander kant. Die sending as handeling van God Drie-enig is gerig daarop om vir Hom 'n gemeente uit die ganse menslike geslag te

vergader. Die heilshandelinge van God is egter veel breër as net dit. God se handelinge is so omvangryk dat dit eintlik nie gedefinieer kan word nie. Dit gaan vir Hom uiteindelik om die totale verlossing van die ganse skepping. God se heilshandelinge het weliswaar sy suiwerste realisering gevind in die heilswerk van Jesus Christus en deur die uitstorting van die Heilige Gees. Van hieruit kan sy heilshandelinge in die tye voor Christus eers werklik verstaan word en kan Sy voortgaande heilswerk tot en met die wederkoms eers reg geïnterpreteer word. Waar die Sendingreglement die handelinge van God eintlik beperk tot die versameling van 'n gemeente, is dit veels te eng. Die beskrywing van die Missio Dei is dus nie omvangryk genoeg nie.

Voorts wil die definisie die missiones ecclesiae omskryf. Dit het te doen met die gemeentes se sendingbediening in die wêreld. Die definisie sien dit as woordverkondiging (kerugma); tot stand brenging van die gemeenskap van die heiliges deur kerkplanting (koinonia) en diens aan die wêreld (diakonia). Deur dit alles laat God sy koninkryk kom. Die definisie gaan dus uit van 'n drie-dimensionele sendingroeping van die gemeente.

Aan die een kant kan die vraag gestel word of die drie-dimensionele definisie nie te beperk is nie. Du Preez (1985:1-25) maak melding van tien dimensies en Bosch (1991:368-510) bespreek ten minste 14 dimensies van die sending. Van die ander dimensies wat ter sprake kom is verlossing, geregtigheid, evangelisering, kontekstualisasie, bevryding, inkulturasie, gemeenskaplike getuienis, dialoog met ander godsdienste, eskatologie, ekologie, gebed en liturgie. Die vraag kan dus met reg gevra word of die sendingbediening van die kerk in die wêreld nie te eng beskryf is nie.

Aan die ander kant kan gevra word of die multi-dimensionele benadering van die sending nie weer te wyd is nie. Die definisie is eintlik in teëspraak met homself as in 1.4 gesê word: "Sending behels die verkondiging van die evangelie aan nie-gekerstende mense". Hier het ons 'n beperkte definisie wat sending as evangelieverkondiging aan nie- gekerstendes sien, terwyl in die breër definisie van 1.1 ook kerkplanting en dienslewering ingesluit is in die sendingroeping van die kerk. Dit laat die vraag ontstaan of sending gelyk gestel kan word aan die totale bediening van die kerk in die wêreld en of dit beperk moet word tot die verkondiging van die totale evangelie.

Indien die definisie van sending te breed is kan dit niksseggend word en sendingwetenskap kan sy spesifieke objek van wetenskaplike bemoeienis moeilik bepaal. Indien die definisie te eng is, word dit net beperk tot 'n deel van die mens se bestaan en word die Bybelse visie op die sending afgewater.

Dit is duidelik dat ons nie anders kan as om sending te verbind aan God

se heilshandelinge nie. Wat die verband presies is, sal duidelik uiteengesit moet word. God se heil is gerig op die heelmaking van alles wat stukkend en gebroke is. Die weg waarlangs Hy dit wil doen is deur die verlossende werk van Christus en deur die vernuwende werk van die Heilige Gees. Die mense kry deel aan God se heil deur die geloof en word draers van die heil deur 'n geloofsverbintenis met die Heiland. God se heil het dus alles te doen met wedergeboorte, bekering en geloof. Heelmaking buite die geloof om is wel te verwelkom maar dit bly oppervlakkig en ontoereikend omdat dit nie die diepste wese van die mens se gebrokenheid aanspreek nie.

Bosch (1990:27) stel dit soos volg: "Die finale heil word nie deur mensehande, ook nie deur Christelike mensehande, bewerkstellig nie. Heil en welsyn val nie sonder meer saam nie en die Christen se eskatologiese visie van heil word nie histories gerealiseer nie; daarom behoort Christene nooit enige spesifieke projek met die volheid van die ryk van God te vereenselwig nie. Op sy beste rig ons bruggehoofde vir die ryk van God op".

Die erkenning van die feit dat heil as eskatologiese werklikheid eers in die voleinding deur God bewerk sal word, mag nie tot passiwiteit lei nie. Dit moet juis inspireer tot volle deelname aan die heelmakingsproses. Heil en welsyn val nie saam nie, maar mag ook nie geskei word nie. God se heilswerk het alles te doen met die mens se welsyn. God se bedoeling met die mens is dat hy omvattende welsyn en geluk sal beleef. In 'n bedeling waarin die sonde nog 'n realiteit is, kan dit egter nie volkome beleef word nie. Ons word egter geroep om soveel as moontlik daarvan te realiseer.

Die heil is dus as volkome werklikheid gegee in Christus. Dit moet deur die krag van die Heilige Gees so ver as moontlik deur gelowiges gerealiseer word in 'n onheilige en gebroke wêreld. Dit sal eenmaal ten volle deur God verwerklik word in 'n nuwe bedeling.

Wat is nou die verband tussen heil en sending? Dit lyk my noodsaaklik dat ons sal onderskei tussen sending as aankondiging van en getuienis in woord en daad vir die heil en bediening as bemiddeling van die heil in 'n gebroke wêreld. Sending is nie dieselfde as bediening nie. Sending is gekoppel aan die evangelie as blye heilsboodskap. Die bediening is omvattend en gerig op die totale nood van mense. In die bediening moet die gemeente en gelowiges tekens van heil oprig as hoop vir 'n stukkende wêreld.

Sending is nie alles wat die kerk doen in die wêreld nie! Indien dit so was, sou sending sy eie bestaansreg verloor en sou die grense tussen Sendingwetenskap en Praktiese Teologie verval. Sending is deel van die kerk se totale bediening. Sending is 'n diakonia maar nie die totale diakonia van die kerk

nie.

- Sending roep op tot bekering - die bekeerdes werk vir heelmaking, geregtigheid en vrede.
- Sending versamel die volk van God - die versamelde volk dien die wêreld.
- Sending roep tot geloof - die gelowiges leef in gehoorsaamheid.
- Sending roep tot versoening tussen God en mens - die versoendes werk vir vrede tussen mens en medemens.
- Sending roep tot wedergeboorte - die wedergeborenes leef as nuwe mense in 'n gebroke wêreld.
- Sending verkondig regverdigmaking - die geregverdigdes werk vir geregtigheid in hierdie wêreld.

Na hierdie poging om te onderskei tussen sending en die totale bediening van die kerk - tussen die aankondiging van die heil en die bemiddeling van die heil aan 'n gebroke wêreld, kan ons nou poog om 'n definisie van sending te gee. Hierdie definisie kan die definisie in 1.1 van die huidige reglement vervang:

Sending is getuienis in woord en daad aangaande die heilshandelinge van God met die wêreld in die verlossende werk van Jesus Christus en deur die vernuwende werk van die Heilige Gees sodat die volk van God versamel kan word as instrument van bemiddeling van die heil in 'n gebroke wêreld en sodat tekens van die Koninkryk opgerig mag word totdat die heil finaal gerealiseer sal word by die wederkoms.

Die punte 1.2 - 1.6 kan dan so behou word.

## 2. Sendingbeleid en Apartheid

Talle skrywers het al gewys op die noue verband tussen die tradisionele rassebeleid van die Afrikaner en die sendingbeleid van die Ned Geref Kerk (R T Lombard 1981: 41-48 en 245-253; Kinghorn (red) 1986:79-111; Van der Walt 1963: 435-443; Marais 1986: 53-66 en 1986b; J A Lombard 1985).

Dit is dus nie nodig om intensief op die geskiedenis van dié verhouding in te gaan nie. Ons kan volstaan met 'n paar hooflyne.

Die eerste sendingreglement in Transvaal is reeds in 1860 opgestel deur Alexander Merensky en Heinrich Grützner (van die Berlynse Sendinggenootskap) en ds Van Heyningen, predikant van die Ned Geref gemeente

van Lydenburg. Die dokument van 15 artikels is genoem "Voorlopig Reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de heidensche bevolking der ZAR". Na besware van die Hervormde Staatskerk, is 'n nuwe reglement afgekondig met die titel: "Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding bij de uitbreiding van het evangelium onder de heidenen". In teenstelling met die eerste reglement het laasgenoemde die sending geheel onder staatsbeheer geplaas. Die sendelinge moes die staatsbeleid van "geen gelykstelling" tussen wit en swart onderskryf. Die staat kon sendingstasies verskuif of sluit. Volgens artikel 7 moes sendelinge verdagte optrede of sameswering van inboorlinge aan die staat rapporteer indien hulle nie as medepligtiges beskou wou word nie. Hiermee is sendelinge volledig onderworpe gemaak aan staatsbeleid en kon hulle geen simpatie betoon met die ideale van swart mense nie.

In 1922 het 'n studiestuk van die sendingkommissies van die gefedereerde Ned Geref Kerke verskyn met die titel: "The DRC and the native problem." Hierin vind ons reeds die ambivalensie in die uitsprake van die Ned Geref Kerk oor rasseverhoudinge wat vir baie jare daarna nog sou voortbestaan. Aan die een kant word gestel dat die kerk die staatsbeleid ondersteun dat die wit ras oor swartes moet regeer as ondergeskiktes wat onderontwikkeld is. Aan die ander kant word die kerk opgeroep om as voogde die swartes te beskerm en te help ontwikkel (Lombard 1986:29).

Die ambivalensie kom daarop neer dat alle vermenging tussen wit en swart ten sterkste afgekeur word maar dat blankes ook alles moet doen om swartes tot volle ontwikkeling te bring omdat hulle ook regte het as mense wat na Gods beeld geskape is.

In 1931 het die Vrystaatse kerk 'n sendingreglement aanvaar waarin ds J G Strydom, die sendingsekretaris, 'n leidende rol gespeel het. In 1932 het die Kaapse kerk 'n sendingbeleid geformuleer waarin prof G B A Gerdener die leidende figuur was. In beide dokumente word sosiale gelykstelling en rassevermening afgewys. Daar word nietemin 'n sterk oproep gemaak vir die opheffing van swartes binne 'n eie kultuurverband.

Beide hierdie dokumente het die grondslag gevorm vir die sendingbeleid wat in 1935 deur die Federale Raad van Ned Geref Kerke aanvaar is en deur die vier sinodes goedgekeur is. (Lombard 1981: 270-273). Albei die lyne hierbo genoem kom sterk na vore in die beleid soos blyk uit die volgende aanhaling: "Die tradisionele vrees by die Afrikaner vir "gelykstelling" tussen swart en wit is gebore uit sy afkeer van die idee van rassevermenging. Die kerk verklaar hom omonwonde teen hierdie vermenging en teen alles wat

dit in die hand werk, maar misgun aan die ander kant die Naturel en Kleurling ewe min 'n sosiale status so eerbaar as hy kan bereik. Elke nasie het die reg om homself te wees en te trag homself te ontwikkel en op te hef. Waar die Kerk hom dus teen sosiale gelykstelling in die sin van die verontagsaming van ras- en kleurverskille tussen wit en swart in die daelikse omgang verklaar, wil hy sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie aanmoedig en bevorder, tot voordeel van beide seksies".

Op grond van die standpunt het die Federale Sendingraad van die Ned Geref Kerk tussen 1942 en 1944 verskeie versoeke tot die regering gerig om Apartsheidswette in te stel. Die kerklike kongres van 1950 sien apartheid as 'n Bybelse beleid en bepleit totale segregasie op sosiale, ekonomiese en politieke terreine. Toe die besluite aan dr D F Malan, die Eerste Minister oorgedra is, was sy reaksie dat dit nie prakties uitvoerbaar was nie (Marais 1986:54).

Dit sou die Ned Geref Kerk baie lank neem om te besef dat Apartheid nie aan Swartes 'n eerbare sosiale status gun nie en ook nie gelyke kanse om hulleself te ontwikkel en op te hef nie, soos in die kerk se beleid self gestel is nie.

Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk wat in 1962 gekonstitueer het, het opdrag gegee dat 'n sendingreglement opgestel moes word ter aanvulling van Artikel 53 van die kerkorde. Die opdrag is uitgevoer in samewerking met die professore in Sendingwetenskap van Stellenbosch en Pretoria en by die sinode van 1966 aanvaar as die "Algemene Sendingreglement" (Crafford 1982:472). Die reglement van 1966 het geen verwysing meer na afsonderlike ontwikkeling of Apartheid nie. Tog het die sendingbeleid van 1935-1966 met sy sterk afkeer van gelykstelling en rassevermening nog sterk invloed uitgeoefen op die formuleringe van Ras, Volk en Nasie, die standpunt van die Ned Geref Kerk oor rassesake wat in 1974 deur die Algemene Sinode aanvaar is. Dit was maar eers in *Kerk en Samelewing* van 1986 dat die Ned Geref Kerk hom in duidelike taal gedistansieer het van die diskriminerende aspekte van Apartheid.

Die afwysing van gelykstelling tussen verskillende rasse en die aanvaarding van 'n beleid van segregasie het ook 'n invloed gehad op die aanvaarding van 'n beleid van verskillende kerke vir verskillende volksgroepe. In die sendingbeleid was daar deurgaans 'n eenheidslyn wat die eenheid van die menslike geslag en die eenheid van die kerk beklemtoon het maar ook 'n verskeidenheidslyn wat die verskeidenheid van volke en kerke aanvaar het.

Die sendingbeleid van 1935 stel reeds die ideaal van die totstandkoming

van selfonderhoudende en selfregerende kerke as vrug van die sendingarbeid. Dit is nodig omdat die evangelie 'n "volk se nasionalisme moet deurtrek" en aanvaarbare volksgewoontes aanvaar en veredel moet word.

Die reglement van 1966 bevat die woorde: "Sodat elkeen in sy eie taal die groot dade van God kan hoor en verkondig, word afsonderlike selfstandige kerke uit verskillende bevolkingsgroepe tot stand gebring". By die hersiening van die reglement wat in 1990 deur die Algemene Sinode aanvaar is, het hierdie woorde weggeval. In hierdie reglement word groter klem gelê op die eenheid van die kerk as die verskeidenheid. Dit was 'n belangrike regstelling in die sendingbeleid van die Ned Geref Kerk.

Teen 1990 het die sendingbeleid van die Ned Geref Kerk hom ontworstel aan die Apartheidsdenke en het die klem op afsonderlike kerke vir afsonderlike volke weggeval. Die lidmaatskap van die kerk is oop vir almal. Die vraag is of dit genoeg is dat die Ned Geref Kerk in sy sendingbeleid oor apartheid swyg. Is dit nie nodig vir 'n kerk wat in sy sendingbeleid so 'n groot invloed op apartheidsdenke gehad het, om hom nou weer baie duidelik uit te spreek oor rasseverhoudinge en oor gelyke geleenthede vir almal nie? Die sendingreglement maak byvoorbeeld geen melding van armoede, onderontwikkeling en agterstande in onderwys nie. Waar die sendingbeleid van 1935 hom duidelik oor onderwys, sosiale en ekonomiese sake uitgespreek het binne die raamwerk van apartheid, swyg die reglement van 1990 daaroor. Het die tyd nie aangebreek vir die Ned Geref Kerk om sy sendingbeleid in die lig van 'n post-apartheid situasie weer te hersien en baie meer positief te formuleer nie?

## 3. Sendingbeleid en die veranderende sendingsituasie

Beleid verander saam met die konteks. Dit is waar van politieke beleid soos duidelik ervaar word in Suid-Afrika oor die afgelope paar jaar. Dit is egter ook waar van sendingbeleid. 'n Mens hoef maar net die beleid van 1935, 1966 en 1990 met mekaar te vergelyk om te sien watter verskuiwings daar plaasgevind het met die verandering van konteks. Die reglement van 1990 gaan byvoorbeeld baie breedvoerig in op die posisie van lidmate en ampsdraers van die Ned Geref Kerk wat onder die vleuels van ander kerke of sendingorganisasies werk. Dit het nodig geword omdat in die praktyk sendingwerk saam met kerke en genootskappe al hoe meer 'n werklikheid geword het. Waar die vorige reglemente die onafhanklike bestaan van Ned

Geref Kerke vir ander volksgroepe sterk beklemtoon het, beklemtoon die reglement van 1990 die eenheidsband binne die familie van Ned Geref Kerke weer sterker. Verder word gesamentlike sendingwerk sterk beklemtoon in teenstelling met vorige reglemente waar die Ned Geref Kerk nog alleen verantwoordelik gehou is vir die kersteningstaak.

Daar is in die veranderende sendingsituasie 'n aantal terreine wat groot uitdagings aan die kerk stel en waarvoor die huidige sendingbeleid soos uitgedruk in die "Reglement vir die Sending" nie voorsiening maak nie.

## 3.1 Desentralisasie: voordele en nadele?

Die sendingbeleid is in die afgelope jare daarop ingestel om weg te beweeg van sinodale sendingaksies na gemeentelike aksies. Sinodale werk word afgeskaal en so ver moontlik oorgedra aan gemeentes. Dit het die voordeel dat die missionêre gemeente sterker funksioneer en die gemeente betrokke raak by sendingprojekte. Die Kerkraad se sendingkommissie kan nou nuwe inisiatiewe neem en soek na verbeeldingryke projekte waarby die gemeente betrokke kan raak. Die nadeel van desentralisasie is die ongekoördineerdheid van talle klein projekkies. Verskillende gemeentes ondersteun byvoorbeeld werkers in dieselfde land sonder om van mekaar te weet. Baie gemeentes is met klein plaaslike projekte besig terwyl groot uitdagings wat die vermoë van die gemeente te bowe gaan nie aandag kry nie. Daar is 'n groot behoefte aan koördinering van gemeentelike aksies. Hierin behoort Ringsendingkommissies en Sinodale Sendingkommissies 'n veel groter rol te speel. Soos met die sending in Frankryk en in Mosambiek behoort daar sendingkommissies in die lewe geroep te word vir elke geografiese gebied waarin verskillende gemeentes werk, sodat hulle werk deur die kommissie gekoördineer kan word. Hiervoor sal die sendingbeleid voorsiening moet maak.

Die para-kerklike genootskappe het die voordeel dat hulle nie onder kerklike beheer staan nie en dus vinnige besluite kan neem. Hulle samel fondse in onder lidmate van alle kerke en gemeentes. Gemeentes wat 'n werker na byvoorbeeld Rusland wil stuur, kan dikwels nie al die fondse self voorsien nie. Dan word die voorbeeld van die geloofsendelinge nagevolg. Die werker moet self fondse genereer deur omsendbriewe na gelowiges te stuur. Ook hierdie praktyk kan lei tot grootskaalse versplintering in die sendingpogings. Dit beteken dat die terreine wat in die nuus is en aktueel is dus baie fondse trek terwyl ander waar die nood miskien groter is, nie aandag

kry nie. Groter beplanning en koördinering van hierdie soort sendingaksies is ook nodig.

Naas gemeentelike aksies wat dikwels sporadies en ongekoördineerd is, is daar behoefte aan goed beplande lang termyn projekte. Dit sou die beste kon geskied deur kommissies waaraan verskillende gemeentes gekoppel is, selfs ook gemeentes van ander kerke. So 'n kommissie kan dan werk aan die opbou van 'n sendingtrust waarin meer fondse gegenereer kan word as wat 'n enkele gemeente kan byeenbring. Die veranderende situasie sal gemeentes al hoe meer verplig om sending ekumenies aan te pak eerder as dat elkeen met 'n klein projek besig is.

## 3.2 Sending en ekumene: die verhouding met ander kerke

In die 1935 reglement was die objek van die sending die verkondiging van die evangelie aan die heidene. Vandag behoort die grootste persentasie van alle Swartmense aan een of ander kerk en kom buite-kerklikheid en ongeloof in die groot stede dikwels eerder onder wittes voor as onder swartes. Dit is veral die profetiese en Gees-tipe Onafhanklike swart kerke wat geweldig groei. In talle gebiede behoort tot 60% van alle Swartmense reeds aan hierdie kerke. Die sendingtaak het dus in 'n groot mate verskuif na kerkopbou en ekumene. Die opbou van jong kerke en die ekumeniese verhoudinge met hulle is 'n voortsetting van die sending. Ongelukkig laat die huidige sendingreglement hom nie oor hierdie aspekte uit nie en die roeping ten opsigte van Onafhanklike Kerke word glad nie aangeraak nie. Dit is egter 'n uitdaging wat geen kerk meer kan ignoreer nie. Trouens, die verhouding tussen sending en ekumene is so nou dat die sendingreglement hom veel duideliker sal moet uitspreek oor die aard en karakter van ekumeniese samewerking in die sending (Crafford en Gous 1993:461 v).

## 3.3 Sending en sosiaal-ekonomiese vraagstukke

Die huidige sendingreglement spreek hom feitlik nie uit oor die huidige brandende sosiale vraagstukke soos armoede, geweld, ekonomiese agterstande en ekologiese vraagstukke nie. As sending God se heelmakende handelinge op alle terreine van die lewe wil verteenwoordig en bevorder, sal die sendingbeleid hom daaroor moet uitspreek. Die strukture en kanale wat daarvoor gebruik moet word, sal uitgespel moet word. Die reglement sê

byvoorbeeld tans niks oor missionêre diakonaat nie. Daar was egter intussen baie nadenke in sending- en diakonale kommissies oor die strukturering en funksionering van missionêre diakonaat. Dit behoort in die sendingbeleid uitgespel te word.

Die rol van die sending in bevolkingsontwikkeling, gemeenskapsontwikkeling en omgewingsontwikkeling behoort aangeraak te word.

## 3.4 Sending en die wêreldgodsdienste

Dit is opvallend dat die huidige reglement niks sê oor die evangelisering van en dialoog met die wêreldgodsdienste nie. Dit is 'n groot leemte in die reglement. Suid-Afrika het aansienlike gemeenskappe Hindoes, Moslems en Jode. Talle aanhangers van Tradisionele Afrika Godsdienste leef nog tussen ons. Die groeiende getal immigrante uit Sjina en Taiwan maak die Boedhisme ook 'n godsdiens om mee rekening te hou. Talle gemeentes het groepe aanhangers van ander godsdienste in hulle midde. Die sendingbeleid behoort aan die benadering van die mense aandag te gee en aan gemeentes leiding te gee.

Die beleid behoort hom ook uit te spreek oor hoe daar vanuit die Christendom oor hierdie godsdienste geoordeel moet word. Lidmate word tans verwar met teenstrydige uitsprake oor die verhouding met mense van ander godsdienste. Die Sendingwetenskap behoort aandag te gee aan 'n Theologia Religionum en 'n sendingreglement behoort leiding te gee aan lidmate oor hoe om te oordeel en op te tree teenoor mense van ander gelowe.

Uit bogenoemde opmerkings kan die duidelike afleiding gemaak word dat sowel op grond van vordering in teologiese denke as op grond van praktiese veranderinge in die konteks die tyd ryp is om opnuut aandag te gee aan die sendingbeleid van die Ned Geref Kerk. Die Algemene Sinode van 1994 behoort opdrag te gee aan sy Kommissie vir Sending en Evangelisasie om die Reglement te hersien en 'n nuwe beleid voor te lê aan die Sinode van 1998.

# BIBLIOGRAFIE

BOSCH DJ
1990. *Heil in Sendingperspektief.* Iswen Lesing. Universiteit van Pretoria.

BOSCH DJ
1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission.* Maryknoll, New York: Orbis Books.

DU PREEZ J
1985. Tiendimensionele Sending in *Iswenkommunikasie*, Jaargang 7, No 2, p1-25.

CRAFFORD D
1982. *Aan God die Dank.* Deel II. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

CRAFFORD D & GOUS G (Red)
1993. *Een Liggaam - baie lede.* Die Kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika. Pretoria: Verba Vitae.

KINGHORN J (Red)
1986. *Die Ned Geref Kerk en Apartheid*, Johannesburg: MacMillan.

LOMBARD JA
1985. *Ontwikkeling in die sendingbeleid en praktyk van die Ned Geref Kerk gedurende die tydperk 1932-1962.* Proefskrif. Universiteit van die Noorde.

LOMBARD RTJ
1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

MARAIS JC
1986. Die Ned Geref Kerk se sendingbeleid en Apartheid, *Theologia Viatorum*, 14/2, p 53-67.

MARAIS JC
1986b. *Die Ned Geref Kerk en die regverdiging van Apartheid*, Kerk en wêreld No 8, Stofberg Teologiese Skool, Sovenga.

SMITH JG
1961. Gesamentlike getuienis van die moeder- en die dogterkerk, *NGTT* 2/4, p 211-215.

VAN DER WALT IJ
1963. *Eiesoortigheid en die Sending*, PotchefstroomPro-Rege.